education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

SEPTEMBER 2010

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

2.

AFDELING A	Opstel	40 punte
AFDELING B	Langer transaksionele tekste	20 punte
AFDELING C	Korter tekste	20 punte

3. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

4. Skryf in Afrikaans.

5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

6. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

- Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
- Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld, ’n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts.
- Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
- Dui die beplanning duidelik aan.
- TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

7. Beplan jou tyd só:

Afdeling A	60 minute
Afdeling B	30 minute
Afdeling C	30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die vraagnommer en die onderwerp neer.

10. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in 1.5 skryf.

11. Skryf netjies en leesbaar.

.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die onderwerpe.

1.1 **VIR ALTYD DANKBAAR TEENOOR JOU!**

Iemand het 'n goeie daad vir jou gedoen. Jy waardeer dit baie en sal dit nooit vergeet nie.

Skryf 'n OPSTEL waarin jy vertel van die goeie daad wat die persoon vir jou gedoen het.

Dink aan:

- wat jou situasie was.
- hoe het dit gebeur het.
- wat hy/sy vir jou gedoen het.
- wat jou reaksie daarop was.
- wat dit vir jou beteken het.

[40]

OF

1.2 **HY /SY IS VIR ONS SKOOL GOUD WERD**

[Uit: *Genderations*, Deel 1,www.education.gov.za]

In elke skool is daar 'n onderwyser of onderwyseres wat altyd bereid is om ekstra tyd en aandag aan leerders te gee. Vertel van een van jou onderwysers wat baie vir jou beteken. Sy/hy is die een wat jou motiveer om hard te werk.

OF

1.3 **MY DROOM HET WAAR GEWORD... WÊRELDBEKER 2010 !**

[www.worldcup.co.za]

Jy het twee kaartjies vir die finaal van die FIFA-Wêreldbeker in Soweto gewen!
Jy en jou beste maat het die groot gebeurtenis bygewoon.

Skryf nou 'n OPSTEL waarin jy van jou ervaring vertel.

Dink aan:

- watter spanne gespeel het.
- hoe die stadion gelyk het.
- hoe die atmosfeer was.
- wat alles gebeur het.
- hoe die toeskouers gelyk het.
- hoe jy oor alles gevoel gevoel het.

[40]

OF

1.4 **HOU ONS LAND SKOON.**

In die parke, voor winkels, in die strate en langs die paaie lê rommel (papiere en gemors) rond. Plastiese sakkies lê orals teen heinings en in die veld. Die mense gee ook nie om hoe vuil die omgewing is nie.

Skryf 'n OPSTEL waarin jy vertel hoe jy oor die slegte gewoonte van mense voel.

Dink aan:

- hoe dit in jou dorp lyk.
- waarom mense blikkies, bottels en papiere rondstrooi.
- of mense gestraf moet word as hulle goed rondgooi.
- wat die gevolg van ons vuil omgewing sal wees.
- hoe jy dink die probleem opgelos kan word.

[40]

OF

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor.

1.5.1

[40]

OF

1.5.2

[40]

OF

1.5.3

[40]

OF

1.5.4

[40]

OF

1.5.5

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Skryf ongeveer 80 – 100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

VRAAG 2

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jy en jou maat sien die tyd raak min en die eindeksamen is naby. As julle nie jul tyd reg beplan nie, kan julle in die moeilikheid beland.

Skryf 'n BRIEF aan jou vriend/vriendin om te sê hoe jy voel en wat jy dink.

Hou die volgende in gedagte:

- wat julle beplan het om te doen.
- watter dinge julle van die begin af nie reg gedoen het nie.
- wat julle nog alles moet doen.
- hoe jy oor die beplanning voel en alles wat nog gedoen moet word.
- hoe belangrik jul laaste skooljaar vir julle is.

[20]

OF

2.2 DIALOOG

Water is skaars en almal weet ons moet water spaar. Jou vriend Mpho mors elke dag water. Jy is ongelukkig daaroor en besluit om met hom te praat. Jy help hom ook met planne hoe om water te bespaar.

Skryf die gesprek tussen jou en Mpho neer,

Begin julle gesprek só:

Jy: Ag nee, kyk net hoe mors jy al weer met die water!

Mpho: Wat is verkeerd daarmee? Ek kan mos met die water speel.

Jy: ...

LET WEL: Daar moet 'n reël oop tussen elke spreekbeurt wees.

[20]

OF

2.3 BEDANKING



Jy was in 'n motorongeluk en lank afwesig van skool. In dié tyd het jou klasmaats jou baie gehelp en ondersteun om al jou werk op datum te kry.

Skryf 'n informele bedanking aan jou klas vir al hulle hulp.

Dink aan:

- watter beserings jy gehad het.
- hoe lank jy nie by die skool was nie.
- watter moeite jou klasmaats vir jou gedoen het.
- wat hierdie ondersteuning vir jou beteken het.

[20]

OF

2.4 INFORMELE VERSLAG

Julle skool het geld vir 'n skool vir blinde leerders ingesamel. Die klas wat die meeste geld insamel, sal 'n groot prys van die skoolhoof wen. Julle klas het 'n Afrikaanse konsert gehou en daarmee die grootste bedrag geld ingesamel.

As klasleier moet jy die verslag oor die konsert opstel en aan die hoof oorhandig. Skryf hierdie informele verslag aan die skoolhoof.

Onthou die volgende:

- hoekom julle die konsert gehou het.
- waaroor die konsert gegaan het.
- wie almal deelgeneem het.
- hoe lank julle vir die konsert geoefen het.
- hoeveel geld julle ingesamel het.

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: KORTER TEKSTE

VRAAG 3

Skryf ongeveer 60 – 80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

3.1 POSKAART

Jy die lang wintervakansie in die stad vir sakgeld gaan werk. Jy is baie opgewonde, want jy het baie geleer en gesien.

Skryf 'n poskaart aan jou ouers en vertel hulle van jou vakansiewerk in die stad.

Hou die volgende in gedagte:

- waar of by wie bly jy vir die vakansiewerk.
- hoe kom jy elke dag by jou werk.
- watter soort werk jy doen.
- hoe dit voel om elke dag te werk.

Trek die poskaart oor in jou antwoordboek en voltooi dit.



[20]

OF

3.2 ADVERTENSIE

Die gewilde groep TKZEE gaan by jou skool optree. Jy moet die advertensie vir jul skoolkoerant daarvoor maak.

Dink aan:

- datum, tyd, plek en toegangsfooie.
- watter soort musiek die groep maak.
- waarom KZTEE die skool besoek.
- waarom dit belangrik is dat almal die optrede moet bywoon.

ONTHOU: Punte word vir die inhoud toegeken en nie vir die versiering nie.

[20]

OF

3.3 **INSTRUKSIES**

By **VRAAG 3.3** moet jy **VRAAG 3.3.1** en **VRAAG 3.3.2** beantwoord.

3.3.1 Julle het na'n ander huis getrek en jy moet vir die groentetuin sorg. Jy weet nie hoe om spinasie te plant en te versorg nie en kry die volgende inligting:

- Hieronder volg die TIEN instruksies oor hoe om spinasie te plant.
- Rangskik die instruksies in die korrekte volgorde. Nommer hulle daarna van 1-10.
- Skryf die instruksies in volsinne.

Kopiereg voorbehou

HOE OM SPINASIE TEPLANT EN TE VERSORG.

1. Wanneer die plantjies opkom, moet jy seker maak dat die grond nat is.
2. Maak seker dat daar geen onkruid meer in die grond is nie.
3. Moenie te veel water gee nie, anders sal die saad nie ontkiem (groei) nie.
4. Pluk die vars spinasie uit jou eie tuin en geniet dit, rou of gaar.
5. Saai die saad daarna volgens die voorskrifte agter op die saadpakkie.
6. Skoffel gereeld tussen die plantjies sodat dit maklik kan groei.
7. Maak die grond gereeld nat sodat die saad kan ontkiem.
8 Spit eers die nat grond met 'n graaf.
9. Laat genoeg tyd vir die spinasie totdat die blare groot genoeg is vir gebruik.
10. Gebruik dan 'n hark om die grond fyn te maak voordat jy saai.

[10]

EN

3.3.2

Hieronder volg dinge wat jy kan doen nadat jy spinasie gepluk het.

Voltooi die sinne deur die woorde uit die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (a – j) **en die korrekte woord** in jou ANTWOORDBOEK neer.

yskas	speserye	keuse	spyskaart
gesond	dankbaar	bord	groente
piering	kastrol	vitamines	emmer

Nadat spinasie gepluk is, is dit jou (a …) hoe dit gebruik word. Dit bevat baie gesonde (b..). 'n Mens kan (c...) slaai maak wat in die (d..) gehou word of dit kan met (e...) in 'n skoon (f...) gekook word.

Vars (g …) op die (h... t) is belangrik met elke ete. 'n Mens behoort (i …) te wees oor spinasie op jou (j..)!

[10]
{20}

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL VAN VRAESTEL:80

Kopiereg voorbehou